HOËRSKOOL OOSTERLIG

TOERISME

GRAAD 10

VAKONDERWYSER: MEV. C. BOTHA	**OPDRAG 1**
DATUM GEGEE: WOENSDAG 3 JUNIE 2020	**PUNTETOTAAL: 15 punte**
INHANDIGINGSDATUM: WOENSDAG 10 JUNIE 2020	

NAAM EN VAN: _____ **GRAAD 10:** _____

INSTRUKSIES:

1. Voltooi asb die opdrag deur die antwoorde in jou skrif te gaan soek.
2. Jy moet asb alle antwoorde op hierdie opdrag invul, geen ander papier van jou eie nie.
3. Skryf asb netjies en duidelik leesbaar, anders mag dit dalk jou punt negatief beïnvloed as ek nie kan lees wat jy skryf nie.
4. Hierdie opdrag is een van vele assesseringsopdragte wat jy tot die beste van jou vermoë gaan moet voltooi, want dit tel vir jou vorderingsverslag.
5. Hierdie opdrag moet as 'n hardekopie ingegee word, hou asb by die inhandigingsdatum.
6. Sterkte!

GEVALLESTUDIE

Mnr. En Mev. Hartley van Australië en hulle twee seuns besoek familie in Suid-Afrika. Hulle het plek bespreek by 'n vierster Oaks-gastehuis in die Kaapse Wynland, net 'n kort entjie per motor van Kaapstad af. Die agt *en-suite* kamers is almal toegerus met lugversorgers, 'n telefoon met direkte skakeling, interaktiewe TV, 'n minikluis en Wi-Fi. 'n Engelse ontbyt en 'n buffet middagete is ingesluit by die tarief en 'n a la carte – aandete is beskikbaar op versoek. Nabygeleë attraksies sluit in Tafelberg, Granwest Casino, Die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum, Kirstenbosch Botaniese Tuin en die Kaapse Stadion.

a) Wat is 'n toeris?

_____

_____ (3)

b) Watter soort / tipe toeriste is die Hartley gesin?

_____ (1)

c) Verduidelik die onderstaande terme:

- *en suite kamer:* _____
- interaktiewe TV: _____
- a la carte: _____

_____ (3)

d) Noem en beskryf enige DRIE tegnologie-apparate wat mag voldoen aan die gesin se behoeftes ten opsigte van omgewingsverantwoordelikheid.

_____

_____

_____ (6)

e) Noem een geskikte metode van vervoer wat die gesin kan gebruik terwyl hulle in Kaapstad is en gee een rede vir die geskiktheid daarvan.

_____

_____ (2)

TOTAAL: 15 PUNTE